# DIE OMGEEGEMEENTE
NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

**14 September 2025**

## Gasvryheids-bediening Tee/koffie

Kom drink gerus koffie/tee na die erediens in KOSMOS in die kerksaal. Dankie aan Elisma Lotz en span!


# BORG
**van die maand**

**Deon Labuschagné**

**021 852 1612**

LAPPIES SPIT-BRAAI KING
BASTED WITH TRADITIONAL LAPPIES BRAAI SAUCE

**Bespreek nou vir jaareindfunksies en spanbou.**

info@spitbraaiking.co.za


## Gebedsonderwerpe

- Ons dank die Here vir 'n geseënde basaar en vir almal wat 'n bydrae gelewer het.
- Bid vir die kerkraadsvergadering op 16 September waar die beroepingslys aan die kerkraad voorgelê sal word. Bid dat die kerkraad en ook die voorkeurkandidaat sensitief sal wees vir die leiding van die Gees.
- Bid vir ons land wat steier onder georganiseerde misdaad. Bid vir elke ondersoeker en fluitjieblaser wat nie van hulle lewens seker is nie en tog voortgaan met hulle werk. Bid vir hulle beskerming en bid dat die gety teen die midadigers sal draai.
- Helderberg Uitreik: Bid vir die Truth2Kids projekspan, vrywilligers en almal wat betrokke is by die Bybelklubs. Bid dat die kinders die boodskap van die evangelie sal hoor en aanneem en dat dit hulle lewens sal verander.

***Epos: hannetjiegericke@gmail.com***

## SEP se deurkollektes

07 Sep: Gemeentebediening - R1 697
14 Sep: Caritas
21 Sep: Nepal
28 Sep: Sinode Hospitaalbearbeiding

## Bybelstudie Stormhaven

Donderdag, 25 September om 10:00

## DANKOFFER BETALINGS:

**1. Elektronies/internet bankdienste:**

| | |
|---|---|
| Rek naam: | NGK Somerset Wes |
| Bank: | ABSA |
| Tipe rek: | Tjekrekening |
| Rek nr.: | 2900 590 132 |
| Takkode: | 632 005 |
| Verwysing: | Dankoffer/Kollekte |

**2. Snapscan:**

SnapScan
Snap here to pay

**3. Kontantinbetalings & koeverte:**

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofofferkoeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeggemaak.

**4. Debietordervorms:** Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787 / ngsomerset@mweb.co.za.

## Oggenddiens 09:30

Baie welkom in die erediens vandag. Koninkrykstyd is 'n saak van vreugde, want ons vier saam ons kindskap van God deur dit wat Jesus vir ons gedoen het. Die spreekwoord, "Hoe méér siele, hoe méér vreugde", geld natuurlik ook vir die Here. Uit ons teksgedeelte uit Lukas 15:1-10, hoor ons hoedat die verlossing van elke individu 'n saak van groot vreugde in die hemel is. Ons kan dus sonder enige twyfel weet hoe ons in die troonsaal van die hemel vreugde kan bring deur te gaan soek en redding bring vir hulle wat steeds nie deel van ons is nie. Kom ons vier ons roeping!

## Stroming

Hierdie diens se skakel sal ongeveer 09:15 beskikbaar wees op die gemeente se webtuiste by https://ngkerksomersetwes.co.za/
Die alternatief is om na Youtube te gaan en in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" te tik. Die skakel na die erediens sal kort voor die aanvang van die erediens, daar beskikbaar wees.

## Meditatiewe diens:
## 14 September om 08:00

## Bybelstudie Woensdae

**Oggende: 2-weekliks**
17 Sep 10:00 Patmos
**Aande: weekliks**
17 Sep 18:00 Patmos

## Gebedsgroep Woensdae

17 Sep om 09:00 in die konferensiekamer.

## Voorbidding

- **Cecile vd Poel,** rugoperasie 17/9.
- **Klaas Holtzhausen,** hospitaal.
- **Dolly Kotze,** hospitaal.
- **Annatjie Koekemoer,** met Diederick se afsterwe.
- **Kathleen Christensen,** met Peder se afsterwe.
- **Petro le Roux,** sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Yvette la Grange,** herstel na handoperasie.
- **Stephan J v Rensburg,** chemoterapie.
- **Corrie Swanepoel,** broos.
- **Chellé vd Merwe,** broos.





*Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!*

# Kerkraad: Bevestiging

**Charl du Plessis** word op die kerkraad bevestig as Voorsitter: Administrasie & Diensverhoudinge.

## BEROEPINGSPROSES

Die beroepingsproses staan nou einde se kant toe, met die laaste onderhoud wat Vrydagmiddag plaasgevind het.

Ons herinner graag dat die kerkraad toegang het tot al die kandidate se CV's voor die beroepingsvergadering. Dit is ter insae by die kerkkantoor.

Die **beroepingsvergadering** is geskeduleer vir **Dinsdag, 16 September** om **18:30**. Die verteenwoordiger van die Ring van Somerset-Wes / gemeente se konsulent, sal ook die vergadering bywoon.

Tydens hierdie vergadering sal die Voorsitter van die Pre-Advieskommissie die verslag ten opsigte van die beroepingsproses aan die kerkraad voorlê. Die groslys met potensiële kandidate se name sal bekend gemaak word. Die Sinodale Taakspan vir Predikantsake het reeds bevestig dat die name op die groslys, wat aan die kriteriavereistes voldoen, beroepbaar is.

Die verkiesing sal per geslote stembrief plaasvind en die aanwesige kerkraadslede moet 'n kworum wees. Elke kerkraadslid sal stem.

**Ons wil vra dat alle kerkraadslede asb. die vergadering sal bywoon.**

Die persoon wat beroep word, moet met volstrekte meerderheid verkies word, waarna 'n beroep uitgebring sal word. Kennisgewing van wie beroep is sal daarna vir twee agtereenvolgende Sondae in die afkondigings verskyn, waarna die kandidaat sy/haar antwoord sal bekendmaak. Ds Johan beëindig diens aan die einde van November en neem demissie met sy afskeidspreek gedurende November 2025.

**Bid asb. dat die kerkraad, in afhanklikheid van die Here en gelei deur Sy Gees, die persoon wat deur die Here gekies is, beroep.**

## Manne Reisgesprek Vrydagoggende

**19 September 2025** in die konferensiekamer

* Koffie 05:15 * Gesprek 05:30 *

# Kategese: 14 Sep 25

## Junior kategese: Voorskool – Gr 6

➢ **Voorskool: tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.**




Goud, swart, rooi, wit, groen

Hoe word jy God se kind?

***Johannes 1:12 "Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word."***

Die kleuters gaan Sondag hoor wat dié vers beteken en hoe om te antwoord op Jesus se vraag: "*Wil jy my kind wees*"? Die kleuters gaan hoor dat dit so maklik is soos:...... 1,2, en 3.

1. Sê jy is jammer oor jou sonde
2. Glo in Jesus
3. Vra God of jy sy kind mag wees




**Graad 1–6: tydens die erediens in Patmos in die kerksaal.**

God se Boek van wêreldrekords

Rekords wat jou oë laat rek!

As Jesus 'n noodhulptassie gehad het, wat sou alles daarin gewees het? 'n Soom van klere, klei, spoeg, woorde en 'n skaduwee. Hoe het Jesus hierdie geneesmiddels gebruik om mense gesond te maak? Kan ons dié dinge ook gebruik om mense gesond te maak? Nee. Sondag praat ons oor blinde Bartimeus se genesing en hoe Jesus die mense leer oor wie Hy eintlik is.

***Johannes 9:3 "Jesus antwoord: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien kan word."***

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

➢ **Graad 7-9: na die erediens in die konferensiekamer in die kerksaal.**

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**

➢ **Graad 10-12: na die erediens in Ds Johan se kantoor in die kerksaal.**

**Belydenisklas Kategeet: Ds Johan van Niekerk (082 442 9622)**

Truth2kids het die wonderlike voorreg en geleentheid om die Evangelieboodskap weekliks aan ongeveer 1900 kinders te bring. Ons het 43 Bybelklubs in verskillende skole en kleuterskole in o.a. Sir Lowry's Pas, Strand, Chris Nissen Park, Lorenzio Park, Garden Village, Raithby, Grabouw en Somerset- Wes.
Ons is baie dankbaar vir vrywilligers wat hulle liefde vir Jesus en die kinders uitleef oral waar hulle woon en Bybelklubs hou.

www.truth2kids.org

Om hulle te ondersteun en te bemagtig hou ons aan die begin van elke kwartaal 'n werkswinkel waar lesse vir die nuwe kwartaal gegee en gedemonstreer word, toepaslike liedjies geleer word en ook hersiening speletjies voorsien word.
Ons junior kamp is elke jaar 'n groot hoogtepunt en kinders kan gewoonlik nie wag dat die datum moet aanbreek nie. Vanjaar was die tema "Soldate vir Christus" en die wapenrusting is behandel. Terugvoer oor: wat het julle geleer? "*Sonder God kan ons niks doen nie en dat Hy vir ons gesterf het. Die groot krag en mag van God en sy lievte vir mense*"
Ook uit ons Bybelklubs kom daar kosbare terugvoer soos: *"Dear Tannie, thank you for teaching us Bible. At first I did not believe in Jesus but now I love Him. I love the Bible class, you taught me a lot, thank you for your love".* Hoe wonderlik was dit om te sien hoe 'n paar van hulle spontaan op hulle witbordjies skryf: *"I believe in Jesus".*
Ons gebed is dat elkeen van die kinders wat ons tans bereik, vir Jesus sal volg. Romeine 10:9 sê: "*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, dan sal jy gered word*." Dit is so belangrik dat elke kind hierdie sekerheid in hul harte moet hê waar die omstandighede rondom hulle soms baie deurmekaar kan wees – maar meer mense word benodig om die boodskap te bring.

**Wil jy graag betrokke raak?**

Ons benodig persone op ons projekspan vir o.a. voorbidding en algemene ondersteuning. Dit behels slegs 3 vergaderings per jaar. Verder benodig ons ook persone wat kan help by ons Bybelklubs. Ons gee die lesmateriaal en ander praktiese idees om te gebruik. Helpers spandeer dan bv. omtrent 'n uur vir voorbereiding en 30 min tot 'n uur vir aanbieding op verskillende tye in die week, soos wat dit kan uitwerk by die verskillende Bybelklubs.
Dalk wil jy net eers kom kyk? Kontak ons gerus as jy voel jy kan op enige manier betrokke raak. Ons het *jou* nodig. Baie dankie vir die jarelange ondersteuning van Helderberg en Omgee-gemeentes en individue deur gebed en finansies – ons het geweldig baie waardering daarvoor. Kontak ons gerus as jy meer wil uitvind.

**Projekleier:** Sus van Niekerk Sel 076 7464 581 susvann@gmail.com
**Koördineerder:** Minette Krog Sel 083 655 0111 minette.krog@gmail.com

***Bankbesonderhede:*** ***Helderberg Uitreik ABSA Somerset-Wes***
***Rek: 9114 483 080 Takkode: 632005 Verwysing: Truth2Kids***

Tydelike veilige sorg vir babas
Temporary safe care for babies
HELDERBERG BABAS BABIES
Waar HOOP groei | Where HOPE grows

## Visie:

Die ondersteuning van Werner en Tania Schultz om as tydelike veilige sorgouers babas in te neem wat sorg en beskerming benodig.

## Teikengroep en geografiese gebied:

Hoofsaaklik babas wat wag op aanneming. Die babas word in verskeie provinsiale hospitale gebore, bv. Groote Schuur- Karl Bremer- en Tygerberg hospitale.

## Helderberg Babas behoeftes:

Ons benodig asb. die volgende produkte by Helderberg Babas vir ons vrywilligers se teetyd:

- Volroom langlewe melk
- Beskuit
- Engelse tee

Ander produkte:

- Tissues
- Sunlight opwasmiddel

Skenkings van produkte help ons om beskikbare fondse vir ander uitgawes aan te wend. Produkte kan asb. by die kerkkantoor afgegee word, gemerk: Helderberg Babas.
Baie dankie!

Tania Schultz (tania@helderbergbabies.co.za)

## ** BASAAR 2025 **

Dit is met diepe dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader dat nog 'n suksesvolle basaar hierdie jaar aangebied is. Ons is bederf met 'n lieflike sonskyndag en konstant baie voete wat ons basaar ondersteun het. Hoewel daar nog 'n paar basaarlyste vanaf die omgee-werkers uitstaande is, is die basaar se wins op hierdie stadium ongeveer **R193 000.**
Daar is soveel ratte wat hierdie gemeente se enjin vlot laat loop en ons het groot waardering vir elkeen van julle. BAIE BAIE DANKIE!
Besoek gerus ons webtuiste by NG Kerk Somerset-Wes (ngkerksomersetwes.co.za) vir foto's van die basaar. Met groot dank en waardering, tot volgende jaar........;




## GOEIE HOOP BEDIENING

**Islam en die Evangelie van vandag: Wat is die roeping van elke Christen volgens Matteus 28:19–20?**

Ons stel **Ds. Christo Heiberg** van die "*Presbyterian Church in America"* graag aan u bekend. Hy is woonagtig in Kanada, vanwaar sy gemeente hom gereeld op sendingreise na Afrika stuur om kerkleiers toe te rus en op te lei met die wapentuig van Christus te midde van die groot aanslag van Islam (Efesiërs 6:14–17). U word hartlik uitgenooi om te kom luister na Ds. Christo Heiberg se voorlegging oor morele en geestelike toerusting om die Evangelie uit te dra en te verdedig te midde van die ernstige toename en groei van Islam. Hy is die skrywer van onder meer 'n boek, *"Fatal Invatation"*, wat handel oor die opkoms en strategie van Islam in hul strewe na wêreldoorheersing. Daarom is dit belangrik om te weet wie Islam is, om sodoende toegerus te word om die kritieke vraagstuk aan te spreek (Ef 6:14-17).

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Plek:** | NGK Strand, Faganstraat | **Datum:** | Saterdag, 20 September 2025 |
| **Tyd:** | 10:00 – 12:00 | **Navrae:** | At Kampman (083 776 5908) |

